

## Maandag 6 Mei

**Skrifgedeelte: Genesis 6**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 11:7  
(1953-vertaling)**

### **God maak 'n nuwe begin met Noag**

Noag het geleef in 'n tyd toe die verdorwenheid van die wêreld groot was. Dit was ryp vir die oordeel van die eindtyd: "... die boosheid van die mens op die aarde was groot en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, was altyddeur net sleg" (Gen. 6:5). In hierdie tyd is daar net een man en sy gesin wat in die Here glo. In Genesis 6 word Noag se geskiedenis opgeskryf: "Dit is die geskiedenis van Noag. Noag was 'n regverdige, opregte man onder sy tydgenote. Noag het met God gewandel" (Gen. 6:7).

Die Here het hierdie man beveel om 'n ark te bou. Hy het besluit om die aarde skoon te was. Hy het berou gehad omdat Hy die mense gemaak het. Hy wil hulle van die aarde wegvee en met Noag en sy gesin nuut begin. Deur die geloof gee Noag antwoord op die opdragte van die Here. In Hebreërs 11:7 word dié geloof beskryf. Deur die geloof het hy na die Goddelike waarskuwing geluister. Sy geloof was aktief. Op bevel van die Here het hy deur die geloof die ark gebou. Deur die geloof het God hom en sy gesin gered. Terwyl die hele wêreld deur God veroordeel is, het Noag erfgenaam van die Here geword.

Die nuwe begin van God met Noag wys heen na Jesus Christus. Dit wys na sy wederkoms. In die profetiese rede sê Jesus dit self: "En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees" (Matt. 24:37-39).

In dieselfde wêreld leef ons vandag. Daar het nie veel verander nie. Die mens is nog steeds verkleef aan sy sondige natuur. Massas leef tot eer van hulleself en nie tot eer van God nie. Soos wat dit was in die dae van Noag, so sal dit wees in die dae voor die wederkoms van Jesus Christus. In dié tyd is ons nou. Hier word ons vandag bemoedig deur die geloof van Noag. Regverdig sal ons leef in 'n onregverdige wêreld. As erfgename van die Here volhard ons altyddeur in die geloof.

*Sing: Psalm 36-1:1, 3*

*Ds. GP Meijer (Gerben) (Vryburg/Schweizer-Reneke)*